

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
 VAN SUIDWES-AFRIKA
OFFICIAL GAZETTE
 EXTRAORDINARY
 OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c

Maandag 11 Maart 1974

WINDHOEK

Monday 11 March 1974

No. 3387

I N H O U D

C O N T E N T S

GOEWERMENSKENNISGEWING:

GOVERNMENT NOTICE:

Page/Bladsy

No. 54 Ordonnansie 1974: Uitvaardiging van

Ordinance 1974: Promulgation of 168

Goewermentskennisgewing

Government Notice

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
 Windhoek.

Administrator's Office,
 Windhoek.

No. 54.] [11 Maart 1974

No. 54.] [11 March 1974

ORDONNANSIE, 1974: UITVAARDIGING VAN

ORDINANCE, 1974: PROMULGATION OF

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet.

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act.

<i>No.</i>	<i>Titel</i>	<i>Bladsy</i>
No. 3	Wysigingsordonnansie op Padverkeer, 1974	169

<i>No.</i>	<i>Title</i>	<i>Page</i>
No. 3	Road Traffic Amendment Ordinance, 1974.	170

No. 3 van 1974.]

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP PADVERKEER,
1974.**

(Goedgekeur 8 Maart 1974.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

(Datum van inwerkingtreding 11 Maart 1974.)

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Padverkeer 1967, betreffende die bevoegdheid om 'n padverkeersteken te vertoon en die herondersoek sonder betaling van 'n motorvoertuig wat by 'n ondersoek in 'n onpadwaardige toestand bevind is.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

Wysiging van artikel 100 van Ordonnansie 30 van 1967.

1. Artikel 100 van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig —

(a) deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:

“(1A) Die Uitvoerende Komitee, of 'n persoon in die diens van die Administrasie van Suidwes-Afrika wat hy óf in die algemeen óf in die besonder daartoe magtig, kan, na beraadslaging met die betrokke plaaslike bestuur, ten opsigte van enige openbare pad binne die regsgebied van sodanige plaaslike bestuur wat deur die Uitvoerende Komitee aangelê is en in stand gehou word, die padverkeerstekens wat die Uitvoerende Komitee of persoon deur hom daartoe gemagtig, dienstig ag, op die voorgeskrewe wyse laat vertoon of toelaat dat dit vertoon word.”; en

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) 'n Plaaslike bestuur of 'n persoon in sy diens wat hy óf in die algemeen óf in die besonder daartoe magtig, kan, ten opsigte van enige openbare pad binne sy regsgebied wat nie deur die Uitvoerende Komitee aangelê is en in stand gehou word nie, die padverkeerstekens wat sodanige owerheid of persoon dienstig ag, op die voorgeskrewe wyse laat vertoon of toelaat dat dit vertoon word.”.

Wysiging van artikel 160 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 9 van Ordonnansie 19 van 1968.

2. Artikel 160 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (6)(a) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

No. 3 of 1974.]

ROAD TRAFFIC AMENDMENT ORDINANCE,
1974.

(Assented to 8 March 1974.)
(English text signed by the Administrator.)
(Date of commencement 11 March 1974.)

ORDINANCE

To amend the Road Traffic Ordinance, 1967, in regard to the authority to display a road traffic sign and the reinspection without payment of a motor vehicle that had been found, at an inspection, to be in an unroadworthy condition.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:-

1. Section 100 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) – hereinafter referred to as the principal Ordinance is hereby amended –

Amendment of section 100 of Ordinance 30 of 1967.

- (a) by the insertion after subsection (1) of the following sub-section:

“(1A) The Executive Committee, or any person in the employ of the South West Africa Administration authorized thereto by it, either generally or specifically, may, after consultation with the local authority concerned, in respect of any public road within the area of jurisdiction of such local authority which was constructed and is maintained by the Executive Committee, cause or permit to be displayed, in the manner prescribed, such road traffic signs as the Executive Committee or person authorized thereto by it, may deem expedient.”; and

- (b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) A local authority or any person in its employ authorized thereto by it, either generally or specifically, may, in respect of any public road within its area of jurisdiction which was not constructed and is not maintained by the Executive Committee, cause or permit to be displayed, in the manner prescribed, such road traffic signs as such authority or person may deem expedient.”.

2. Section 160 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the proviso to subsection (6)(a) of the following proviso:

Amendment of section 160 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 9 of Ordinance 19 of 1968.

“Met dien verstande dat as sodanige motorvoertuig by die ondersoek in ’n onpadwaardige toestand bevind is, dit binne veertien dae na sodanige ondersoek vir ’n tweede ondersoek gebring kan word sonder betaling van ’n bykomende ondersoekgeld.”

Kort titel.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Padverkeer, 1974.

“Provided that if such motor vehicle has been found to be in an unroadworthy condition at the inspection, it may within fourteen days after such inspection be produced for a second inspection without payment of an additional inspection fee.”.

3. This Ordinance shall be called the Road Traffic Short title.
Amendment Ordinance, 1974.